HOËRSKOOL **HERMANUS** HIGH SCHOOL

HORAS SIGNO TEMPUS FUGIT
1941

**PRINCIPAL** MJ Smuts

(028) 312-3760
principal@hermanushigh.co.za
132, Hermanus, 7200
De Villiers Street, Hermanus
www.hermanushigh.co.za

finansies@hermanushigh.co.za
**web**: www.hermanushigh.co.za

4 November 2024

Geagte Ouers / Voogde

**SKOOLFONDS vir 2025**

**Begroting:**

Die begroting vir 2025 is op 30 Oktober 2024 aan die ouers/voogde by die Algemene Jaarvergadering van Hoërskool Hermanus voorgelê en goedgekeur. Dié begroting is ook aan die beheerliggaam voorgelê en goedgekeur.

'n Resolusie vir *verpligte* skoolfonds vir die jaar 2025 is goedgekeur. Die skoolfonds sal R30 408.00 (dertig duisend vier honderd agt rand) per jaar, per leerder, beloop. (waarvan die bedrag van R1900.00 op 31 Desember 2024 betaalbaar is).

'n Resolusie is goedgekeur dat die volgende gelde nie by die skoolfonds van R30 408.00 ingesluit is nie:

- Dansstudies, Ontwerp en Addisionele Wiskunde – betaalbaar direk aan betrokke partye.
- Enige addisionele vak wat 'n leerder as 'n agtste vak neem - R400.00 per addisionele vak per kwartaal.
  Die skool sal die ouers hiervoor faktureer. Die gelde is aan die begin van elke kwartaal betaalbaar.
- Die lewenswetenkappekamp vir Graad 10-leerders sal deur die jaar inligting daaroor ontvang.
- Verbruikerstudie – addisionele R270.00 per jaar

**Wyse van Betaling:**

Geliewe kennis te neem dat u ingevolge Artikel 39 van die SA Skolewet No.84, 1996, verplig is om skoolfonds te betaal. Die skoolfonds is jaarliks vooruitbetaalbaar, tensy ander reëlings getref is.

Ons verwys u na die aangehegte **Terme en Voorwaardes** wat die verskillende betaalopsies aandui.
*Die Terme en Voorwaardes, wat verpligtend vir alle leerders is, moet asb. volledig deur albei biologiese ouers of wettige voogde voltooi en onderteken word.* ***Elke leerder moet asb. sy eie voltooide vorm inhandig.***

*NB: Alle vrae op al 5 die bladsye van die aangehegte* ***Terme en Voorwaardes*** *moet asseblief volledig voltooi, onderteken en aan Hoërskool Hermanus terugbesorg word, tesame met 'n gesertifiseerde afskrif van u Identiteitsdokument. Indien 'n vraag nie op u van toepassing is nie, moet dit as N.V.T. aangedui word. Verseker asb. dat u vorm volledig voltooi is, aangesien alle onvolledige vorms teruggestuur sal word totdat alle vrae tot ons bevrediging beantwoord is.*

**Bankkoste:**

Die Beheerliggaam het ook besluit dat enige bankkoste wat teen die skool se rekening gedebiteer word as gevolg van tjeks en/of debietorders wat onbetaald teruggestuur word, voortaan teen die ouer/voog se rekening gedebiteer sal word.

**Onderwysers betaal deur beheerliggaam:**

Die WKOD betaal slegs vir 26 van ons onderwysers en is nie in 'n posisie om meer aan te stel nie. Vandat die getalle leerders oor die afgelope jare aansienlik vermeerder het, het dit die skool genoodsaak (om al die leerders te akkommodeer), om 'n verdere 24 onderwysers uit die skoolfonds te vergoed.
As ouers/voogde versuim om hulle skoolfonds te betaal sal ons verplig wees om van die addisionele opvoeders af te dank.

**Nie-Betalende Ouers/Voogde:**

Geliewe kennis te neem dat u ingevolge Artikel 39 van die SA Skolewet No. 84, 1996, verplig is om skoolfonds te betaal. Die skoolfonds is jaarliks vooruitbetaalbaar tensy ander reëlings getref is.

Die beheerliggaam van ‘n openbare skool kan die betaling van skoolfonds deur ouers/voogde, wat ingevolge Artikel 40 en 41 van die SA Skolewet No. 84, 1996, daarvoor aanspreeklik is, deur middel van ‘n regsproses afdwing.

In die geval van geen betaling, sal stappe teen *beide* ouers, ongeag enige onderhoudsooreenkoms wat tussen die partye mag bestaan, geneem word. Volgens die skool se bepalings en voorwaardes vir inskrywing, sal u verantwoordelik gehou word vir alle regsonkoste.

Volgens die bepalings van die Gesinswet is ouers *gesamentlik en afsonderlik* verantwoordelik vir die betaling van ‘n leerder se skoolfonds.

Ouers wat voel dat hulle vir algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van die betaling van skoolfonds kwalifiseer, moet die nodige aansoekvorms persoonlik by die finansiëlekantoor afhaal, of aflaai van die skool se webwerf, dit voltooi en by die skool indien. **Aansoeke om vrystelling van betaling van skoolgeld moet deur die ouer ingedien word op 'n dag wat die skool via D6 sal kommunikeer. Ouers moet die vorm persoonlik op die gegewe datum inhandig. Geen vorms sal aanvaar word indien dit onvolledig is nie. Die skool kommunikeer met ouers op D6. Maak asb seker dat u wel op D6 geregistreer is.**

**Skuldberaders:**

Aangesien betaling van skoolfonds ‘n statutêre uitgawe is, is Skole vrygestel van die Nasionale Kredietwet. Betaling van skoolfonds mag dus nie na ‘n skuldberader vir administrasie verwys word nie. ‘n Betalingsooreenkoms moet direk met die skool aangegaan word.

**Korrespondensie rakende skoolfonds:**

Korrespondensie sal in ‘n verseëlde koevert deur die betrokke registeronderwyser aan u kind oorhandig word om dan weer aan u te oorhandig. Ons versoek u vriendelik om te verseker dat u kind hierdie korrespondensie aan u oorhandig. U word ook versoek om asseblief kennis te neem van die notas op die rekeninge.

Indien u skoolgelde egter op datum is, word geen staat aan u gestuur nie. U sal slegs ‘n staat ontvang indien u ons in kennis stel dat u dit verlang.

**Algemeen:**

Die beheerliggaam sal dit waardeer indien alle ouers/voogde van hul kant af ook ‘n daadwerklike poging sal aanwend om in die toekoms alle skoolfonds betyds te betaal.

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning.

Die uwe

Mnr. K. Coetzer
VOORSITTER

Mnr. MJ Smuts
SKOOLHOOF